

Gelukkig om vervolg te word.

Jesus se geheime tot geluk

Matteus 5: 1-12 – 25 Junie 2017

Prediking:

1.

Gemeente, broers en susters.

Ek wil vanoggend 'n vraag aan die kinders stel: **Waarsonder sal jy nie verder kan leef nie?** Daarsonder is jou lewe onleefbaar! As ek moet raai sal meeste van julle sê dat jou foon 'n saak van lewe of dood is?

Dink ons mooi oor die vraag kom ons egter gou tot die besef dat aardse goed weinig waarde het. Ons kan eintlik goed daar sonder klaarkom. Nee, broers en susters. Dink ons mooi oor ons lewe besef ons dat **ons verhoudings die belangrikste aspek van ons lewe is.** Ek praat spesifiek van ons families.

Stem julle saam? Jou familie is die belangrikste aspek van jou lewe. Daarsonder kan jy nie verder lewe nie – indien jy jou familie (pa en ma, boeties en sussies, ouma en oupa) sou verloor voel dit vir ons amper asof die lewe ook eindig. En in baie mense se lewens is dit ook die geval.

Word ons egter ouer, stap die jare aan, **vergeet ons ongelukkig wat waarlik belangrik is.**

As kind weet jy instinktief dat jou gesin, jou ouers, die belangrikste aspek van jou lewe is. Hoe ouer ons egter word hoe meer en meer vergeet ons van familie.

- Dan doen ons nie meer moeite nie.
- Ons vergeet van verjaarsdae.
- Ons bel nie eers meer so gereeld nie.
- Raak ons ouer, gebeur dit meer gereeld dat ons vasgevang word in ons eie lewens.
- En dan gebeur dit dat ons vergeet dat ons deeluitmaak van 'n gesin, 'n familie.
- En elkeen van ons is hieraan skuldig.

Nie net ons nie broers en susters, **maar die ganse samelewing**. Die ganse samelewing het vergeet dat hulle deeluitmaak van 'n gesin, van 'n familie. Ons lewe in isolasie, ver van mekaar af.

En weet u? Navorsers vertel ons dat die **agteruitgang van die land en self die wêreld se oorsaak te vinde is in die feit dat familie disintegreer**. Ons kan dit anders stel: Daar waar daar 'n familie-besef is, daar is stabiliteit, vooruitgang, daar is morele waardes. Maar die oomblik wanneer die familie en gesin wegval, dan gaan die samelewing ook agteruit. Miskien is dit juis wat in Suid-Afrika gebeur.

2.

Gemeente.

In die **tyd van die Bybel** sou jy nooit vergeet het van jou familie of jou gesin nie. Nooit sou die mense hulle gesin afskeep nie. Nee, allesbehalwe. **Familie was vir die mense van die Bybel alles**.

- Die familie waarin jy jouself bevind het **bepaal wie en wat jy binne die samelewing is**.
- Dit het bepaal wat jou **status** is asook die plek wat jy vervul in die groter samelewing.
- Maar nog meer as dit. Indien jy wou **oorleef** moes jy deel wees van 'n familie. Die familie was die netwerk waardeur die mense van die Bybel kon **werk en geld** verdien. Indien jy nie deel was van 'n familie nie, veral t.o.v. kinders en vrouens, was jy verdoem tot 'n lewe van armoede, honger en selfs die dood.
- Dit was egter nie al nie. Die familie was ook die netwerk waardeur jy die **geloofswêreld** van die antieke wêreld betree het.
- Deur die familie het jy **grotendeels jou onderrig** ontvang.
- Daar is vir jou gesê **hoe om op te tree** en wat reg en verkeerd is.
- Verloor jy jou familie het jy jou verbintenis met die grond verloor – **jy kon geensins meer erf nie**.

Sou jy kontak met jou gesin verloor het jy toegang tot al **die** netwerke verloor. Sonder 'n familie kon jy nie 'n inkomste verdien nie, jy kon nie werklik die

geloofsfeer betree nie. Netso was jy afgesny van die samelewing en alles wat daarmee gepaard gaan.

In die antieke tyd, broers en susters, was die verloor van 'n familie, die grootse verlies wat jy kon lei. **Sonder 'n gesin was jy so goed soos dood – dit was 'n doodsvonnis.**

3.

Blaai ons deur die Nuwe Testament lees ons **van baie mense wat lewe, maar wat eintlik dood is.** In die oë van hulle familie en vriende is hulle so goed soos dood. En die breër samelewing het die mense ook as onaantasbaar beskou – as lewendelyke.

- Dit was die **verlamdes, die kreupeles, die gestremdes, die blindes, die melaatses en selfs die buite egtelike kinders.** Omdat hulle nie aan antieke tyd se reinheidswette voldoen het nie was hulle gerangeer, na die rand geskuif, dood verklaar.
- Dit het egter veel wyer as dit gestrek. Ook die **prostitute, die leerlooiers, die tollenaars** was as onrein beskou. Omdat hulle nie voldoen het aan die antieke tyd se wette en gebruike van eer en skaamte nie is hulle deur hulle gesinne en families verstoot.

Dink maar net aan die **verlamdes en die blindes** wat langs die paaie bedel. Dink maar aan die **Samaritaanse vrou**, wat al 5 mans gehad het. Dink maar aan die **vrou wat aan bloedvloeiing ly.** Almal mense wat lewe, maar wat vir hulle families dood is.

4.

Jesus se koms na die wêreld verander dit geheel en al.

Ek en jy het die Jesus-verhaal al honderde maal gehoor. Dit verras ons nie eers meer nie. Tog is Jesus se verhaal, en die andersheid van sy optrede, **radikaal, skokkend.**

Want waar die groter samelewing die mense verstoot en verjaarjaag het, tree Jesus geheel en al anders op.

- Jesus **raak aan die onreines**. Hy vat aan melaatses, die blindes, vrouens wat aan bloedvloeiing ly. Jesus raak selfs aan lyke.
- Netso **eet hy saam met die sogenaamde sondaars en tollenaars**.

En daardeur wys Jesus dat hy homself **nie steur aan die aardse wette van wat skoon en vuil is nie**. Hy steur homself nie **eer en skaamte**, of wat die samelewing van jou dink, of wat jou reputasie is nie. Nee, Jesus oordeel nie aan die hand van uiterlike dinge – hy sien nie die bordjies wat die wêreld om mense se nekke hang raak nie.

Juis dit bring Jesus in **direkte teenstand met die mense wie die wette in plek hou en afdwing**. Dit is ook natuurlik van die redes hoekom die fariseërs, skrifgeleerdes en familiehoofde Christus om die lewe wou bring.

5.

Die radikaliteit van Jesus se optrede strek selfs verder as dit.

Die randfigure is deur hulle families en gesinne verstoot. Hulle was familieloos, alleen en uitgelewer aan die wêreld.

Jesus maak die verlore mense bymekaar, soos 'n herder wat sy verlore skape soek en gaan haal.

Waar die mense sonder familie is, **skep Jesus 'n nuwe familie hier op aarde**. Die slim mense noem die **nuwe familie wat Jesus in die lewe roep 'n surrogaatfamilie**.

Netsoos 'n moeder 'n baba dra en aan geboorte skenk vir 'n vrou wat nie self 'n baba kan hê nie, so word Jesus die familie vir die lewendedoies.

- Jesus bind hulle om Hom saam en hulle kry 'n nuwe vader, hulle hemelse Vader.
- Waar hulle voorheen alleen was, is hulle deel van die Jesus-groep.
- Waar hulle voorheen sonder tuiste was, kry hulle nou 'n blyplek by Jesus.

Die surrogaatfamilie, wat Jesus in die lewe roep, wat ons ook die koninkryk van God kan noem, is die lokus van die goeie nuus vir al die evangelie-skrywers.

- Wat so ongelooflik is van die nuwe familie is dat dit **nie steur aan eer of skaamte** nie.
- Dit steur dit nie self **aan reinheid of onreinheid** nie.
- Die surrogaatfamilie het vinnig die normale kategorieë van **geboorte, sosiale status, opvoeding, rykdom en mag getransendeer.**
- Selfs **ras en geslag** was onbelangrik vir die nuwe gesin.

Die surrogaat familie wat Jesus tot stand bring word die duidelikste uitgebeeld in Matteus 12 vers 46-50. Dit is so 'n aangrypende vertelling dat ek dit vanoggend aan julle wil voorhou. Daar staan:

46 Terwyl Jesus nog besig was om met die mense te praat, het sy moeder en broers buite gestaan, en hulle wou met Hom praat. 47 Iemand sê toe vir Hom: “U moeder en u broers staan daar buite en wil met U praat.” 48 Maar Hy sê vir die man wat dit vir Hom gesê het: “Wie is my moeder, en wie is my broers?” 49 Toe wys Hy met sy hand na sy dissipels en sê: 50 “Daar is my moeder en my broers! Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is, dié is my broer en my suster en my moeder.”

6.

Besef ons die andersheid, die radikaliteit van dit wat Jesus op aarde kom doen het?

Vriende, netsoos die randfigure van die Bybel deelgemaak is van God se familie, **so word ek en jy ook deel van die gesin, die familie.**

- Dit maak nie saak wie of wat ons is nie. Dit maak nie saak of ons **oud of jonk, lelik of mooi, slim of dom is nie.**
- Dit maak nie saak watse **kleur** ons is nie, en of ons **dood is in die oë van die samelewing is nie** – onaantasbaar is nie.
- Dit maak nie eers saak of ons in die **perfekte huis grootgeword** het met 'n familie wat omgee, of in 'n **weeshuis** sonder liefde of aandag nie.

Niks van dit maak saak nie. Of eerder, dit dien nie as **voorwaardes om deel te wees van Jesus se huisgesin nie.** Hy noem elkeen van ons dogter. Hy noem elkeen van ons seun. Hy noem ons dogter en seun, selfs wanneer die wêreld vir

ons sê vervloekte, vuilaard, leuenaar, bedrieër, moordenaar. Hy noem elkeen van ons dit wanneer **ons glo in Hom en Hom eerste plaas bo alle ander dinge.**

- Netsoos Jesus **aan die melaatses geraak het,** so raak hy ons ook aan. Netsoos Jesus saam met die **sondaars en tollenaars eet,** so sit hy ook saam met ons aan die tafel.
- Nie vir een oomblik word ons **sonde en twyfel, ons ongeloof in ag geneem nie.**

En weet u? Is ons deel van die huisgesin van God ontdek iets ongelooflik. Ons ontdek **absolute, onvoorwaarlike aanvaarding.** Iets wat ons net by God kan kry.

Juis omdat Jesus elkeen van ons dogter en seun noem, **noem ons mekaar broer en suster.** Besef ons dit? Omdat ons God se kinders is, is ek en jy mekaar se broers en susters. Dit is 'n onsigbare band wat ons aan mekaar bind.

7.

Dit is egter net die een kant van die verhal gemeente!

- Word ons deel van God se **huisgesin** deur Jesus,
- Kies ons om **Jesus se dissipels** te word,
- Maak ons **die keuse om in God se koninkryk hier op aarde te leef,**

Sal ons lewens ook geheel en al anders moet lyk.

In die antieke tyd is daar van jou verwag om **volgens die tradisies en gebruike van jou familie te leef.** En so is dit ook met die nuwe **surrogaatfamilie** wat Jesus in die lewe bring.

Ons het iets daarvan oor die laaste 8 weke gehoor.

- Onder ander moet **in absolute afhanklikheid** teenoor God leef.
- Ons moet **treur oor ons eie sonde en die sondige wêreld.**
- Ons moet **sagmoedig wees wanneer die wêreld hard is.**
- Ons moet **honger na dit wat reg is,** na geregtigheid.
- Ons moet onder alle omstandighede **barmhartig wees.**
- Ons moet **rein van hart** wees.
- En ja, ons moet **vredemakers** wees. Selfs teenoor ons vyande.

Anders gestel: **ons moet ons kruis opneem**, alles wat ons het en is ter syde stel en agter Jesus aan loop.

8.

Is ons deel van die nuwe gesin, is ons 'n dissipel, 'n burger van God se koninkryk en toon ons die eienskappe wat ons nounet genoem het, leef ons met liefde teenoor God en naaste **sal dit sekere gevolge hê**.

Anders gestel: Daar is **prys verbonde aan die keuse**. **Maak ons die besluit vir Jesus en sy koninkryk, sy familie, sal dit ons in sekere kringe onpopulêr maak**.

- Jesus het na die wêreld van sy tyd gekyk en dit gekritiseer.
- Hy het sy profetiese plig teenoor sy landsgenote uitgeleef.
- Hy het 'n alternatiewe manier van leef, dink en doen voorgestel.
- Hy het die verstoteling, die lewendelyke, om hom vergader en 'n nuwe familie gestig.
- Hy het die grense en mure wat opgerig is tussen mense uitgewys en afgebreek.
- Hy het die tradisies en kultuurgebruike van Mediterreense wêreld ondergrawe en vernietig.
- Hy het 'n revolusie begin.

En daarvoor is Hy **geïsoleer, gevloek en beskinder**. Daarvoor is hy in **hegtenisgeneem, gemartel en om die lewe gebring**.

Tog het Jesus nie vir een oomblik teruggedeins nie. Hy het die nodige **geloofswaagmoed** gehad. Jesus was lojaal teenoor God en sy roeping.

Word ons deel van die bedeling, die beweging wat Jesus hier op aarde ontketting het moet ons niks anders verwag nie.

Word ons deel van sy koninkryk, sy familie en loop ons agter Jesus aan moet ons weet dat ons op die selfde wyse as Jesus hanteer gaan word.

- Jesus se in Matteus 5 vers 10 dat ons **vervolg sal word omdat ons doen wat reg** is.

- In Matteus 10 vers 11 sê Jesus dat ons ter wille van **Jesus beledig sal word, slegte dinge sal van ons gesê word, ons sal selfs vervolg word.**
- Ons sal netsoos Jesus hanteer word en die profete wat ons voorafgegaan het.

Elkeen van ons het al iets hiervan ervaar. **By ons skole, huise, werke, ja self by ons kerke word ons na randgeskuif, word daar teen ons gediskrimineer, omdat ons opstaan vir wat reg is, wanneer ons opstaan vir ons geloof.** Ons word miskien nie vervolg nie, ons verloor miskien nie alles omdat ons Jesus bely nie. Ons moet egter weet dat daar baie mense wêreldwyd is wat nie die selfde voorreg geniet nie.

Ervaar ons iets waarvan Jesus in Mateus 10 en 11 en 12 praat moet ons die geloofswaagmoed aan die dag lê, die verdrukking verdra met die wete dat God altyd by ons is, in die absolute wete dat ons nie vir een oomblik aan die sondige wêreld uitgelewer is nie.

En wanneer die navolging van Jesus te veel raak, en ons sien nie meer kans om die noupaadjie te loop nie, moet ons net die belofte van Jesus onthou: **Ons is die geseëndes, die gelukkiges en ons loon is groot. Aan ons behoort die koninkryk van die hemele.**

Amen